### *Die veroordeling van die misdadigers*

**193** **Cyrenius** prys nou vir Julius, maar sê ook baie vriendelik en wys: "Beste Julius, jy weet dat ek baie van jou hou en dat jou heldere verstand my nog altyd goed geval het, maar wat jy nou gesê het, skyn my tog nie heeltemal van jouself te wees nie. Dit het jy ook van die sekere Een in jou hart ontvang!"

[2] **Julius** sê: "O verseker; want die waarheid lê nie in die vuur nie, maar slegs in die sagte lig daarvan, **en daarom het ek sedert ek Hom ken ook baie sagter en gemoedeliker geword.** O, as ek Hom tog maar net nog eenmaal in my lewe êrens kan ontmoet!"

[3] Die naas hom staande en alles in die oog houdende **Jarah** sê: "O, dit is ook my enigste wens!"

[4] Tydens die gesprek het Ek ongemerk agter Julius gaan staan. Slegs **Cyrenius** sien My, en sê na `n wenk van My aan Julius: "Kyk gou om! Agter jou staan Iemand wat ek glo met jou wil praat!"

[5] Julius kyk vinnig om, en val byna in onmag van blydskap om My hier te sien, en Jarah gee `n kreet van groot verrukking en val soos `n dooie aan My bors; Ek moes haar `n halfuur so laat lê voordat sy weer uit haar salige verdowing bygekom het.

[6] Maar omdat dit al flink aand se kant toe gestaan het, sê **Ek** aan die oue Markus: "Sorg jy nou weer vir `n welvoorsiene aandete; laat daar geen gebrek wees aan vis, brood en wyn nie!"

[7] **Markus** sê: "Meester, wat moet ons nou met die misdadigers doen wat daar by die see aan pale gebind en deur soldate bewaak, waarskynlik in groot angs op hul oordeel wag?"

[8] **Ek** sê: "Hulle laat ons vandag sewevoudig smag, vanweë die talle kwade geeste waardeur hulle besete is, en niemand mag hulle iets te ete of te drinke gee nie, omdat hulle andersins nie te genees is nie! Broer Julius, deel jy hulle vandag nog as oordeel mee dat hulle môre `n baie pynlike dood sal sterwe deur `n langsame verbranding wat die hele dag sal duur! Môre sal hulle dan begenadig word, en Ek sal sien of hulle losgelaat kan word. Die waansinnige angs sal hul kwade inwoners sag maak en hulle sal die een na die ander vertrek. Bind hulle egter goed vas aan die pale, andersins sal hulle jou nog baie moeite gee!

[9] Die sewe politieke opruiers kan jy ietwat ligter straf, omdat hul misdaad geen belangrike ding aangaan nie; aan hulle deel jy as oordeel mee dat hulle `n harde tugtiging met die roede sal kry, en gee hulle daarna brood en water! Môreoggend sal dit wel blyk of hul straf agterweë kan bly of nie!"

[10] Na hierdie woorde sê **Cyrenius** aan Julius: "Gaan dus, breek die staf en deel hulle mee wat hulle môre kan verwag!"

[11] Julius staan dadelik op en loop saam met enkele onderaanvoerders na die oewer, wat ongeveer vyfhonderd treë van die woning van Markus af lê. Toe hy daar by die misdadigers wat aan die oewerpale vasgebind was, kom, beveel hy die soldate om die misdadigers nog vaster aan die pale te bind. Nadat die soldate dit met toue en kettings gedoen het, deel Julius aan die vyf roofmoordenaars mee hulle die volgende dag vanaf vroegmôre kan verwag! Op dieselfde wyse deel hy die sewe politieke misdadigers die harde tugtiging mee.

[12] Toe die vyf roofmoordenaars die oordeel hoor, begin hulle te kerm, te bewe en te wanhoop, en roep dat die mense hulle liewer dadelik moet kom doodmaak, want so `n pynlike straf sal hulle onmoontlik kan verdra! Ook die sewe roep om barmhartigheid en medelye. Maar **Julius** gaan dadelik weg en luister nóg na die afgryslike gehuil van die vyf roofmoordenaars, nóg na die sewe ander misdadigers.

[13] Toe hy weer by ons kom, sê hy: "Dit is regtig geen kleinigheid nie! Die gekerm, die wanhopige gesigte en gebare, waardeur selfs `n dier met ontsag vervul sou word! Nou, ek is bly dat ek weer uit hul omgewing weg is! Dit is byna nie te glo nie - maar die hoof van Medusa sou haas nog mensliker gelyk het! Ek is nou al werklik benoud vir die gesigte wat die kêrels môre sal trek!"

[14] "Weet jy" sê **Ek** aan Julius, "dit kom deur die kwade geeste in hulle! Dié sal die groot angs skaars tot môre kan verdra en sal hulle, soos wat Ek gesê het, vir die grootste deel uit die voete maak, en ons sal môre die mense maklik heeltemal kan verlos."

[15] **Cyrenius** vra: "Maar wat moet daar dan met hulle gebeur? Kan ons hulle dan vrylaat, of moet ons hulle tog nog `n tyd opgesluit hou?"

[16] **Ek** sê: "Ongetwyfeld, want sonder volledige onderrig kan hulle in geen geval vrygelaat word nie! Ook nie die sewe nie, want `n mens raak die sonde nie so gou kwyt soos die snelheid waarmee hulle hulself daaraan oorgegee het nie! Vir die vyf sal `n periode van ongeveer een jaar voldoende wees, en vir die sewe `n halfjaar. - En laat ons dan nou in alle rus blymoedig die aandete tegemoet gaan!"

### *Die wyse toespraak van Jarah*

**194** Toe sê die oue **Markus**: "Majesteit en Meester van alle wêreldse meesters! Vroeër het U aan my gesê dat ek vandag nog iets baie belangriks oor die bestemming van die mens sou verneem en ook die Ryk van Elohim sou leer ken. Ja, waarlik en baie wonderbaarlik! Ek het nou op hierdie dag meer gehoor, gesien en beleef as tydens my hele lewe.

Daarom vind ek dat U voorspelling algeheel uitgekom het, en ek sal nou alles daaraan doen sodat ook ons ledemate nie ontevrede sal gaan rus nie."

[2] **Ek** sê: "Ja, ja, kyk jy maar eers of die kokkinne al klaar is met hul kuns! Na die maaltyd sal daar nog baie gebeur wat jou nog meer in die Ryk van Elohim sal inwy."

[3] **Markus** sê: "Maar Meester, wat is daar dan met die liewe meisie wat U nog steeds vashou, en U bors met trane natmaak; is sy miskien van plan om U glad nie weer los te laat nie?!"

[4] **Ek** sê: "Vra dit maar aan die meisie, sy sal jou nie `n antwoord skuldig bly nie!"

[5] Markus vra dit nou aan die hemels smagtende Jarah.

[6] **Jarah** rig haar egter dadelik op en sê: "Luister nou, beste oue vriend! Wie Hom eenmaal vas het, mag Hom nooit weer loslaat nie; want laat hy Hom los, dan het hy daarmee ook sy ewige lewe losgelaat en dit daardeur vir altyd verloor. **Dit wat ek liggaamlik doen, dit moet julle almal in julle harte doen,** soos wat ek dit ook merendeels in my hart doen!

[7] Wie sy lewe liefhet, maar die Meester van die lewe, dikwels ligsinnig genoeg ter wille van die wêreld, laat vaar, sal sy lewe verloor omdat hy die Meester van die lewe verloor het. Maar wie sy lewe nie ag nie, en slegs maar dit in sy hart 'lewe' noem, wat bestaan uit `n lewe slegs vir die Meester van alle lewe, dié sal die lewe vir ewig behou, ook al sterf hy liggaamlik wel `n duisendmaal!

[8] Kyk, ek het die Meester toe Hy na ons toe kom, die eerste in my hart herken en ek hou bo alles van Hom, ja, as Hy nou van my sou verlang om vir Hom te sterwe, sou die dood `n verkwikking vir my wees! Want ek weet en voel duidelik dat die liefde tot Hom nooit in der ewigheid kan sterwe nie, omdat dit vir haar onmoontlik is om `n sonde te begaan, en dit is die egte dood van die siel. As die siel van die mens egter dood is, dan is ook die hele mens dood. Bedink dit wel, oue man, want ek kom uit die skool van die hemel, wat die Liefde en die Waarheid en die Lewe is. Wat ek nou vir jou gesê het, is `n hemelse les, en jy behoort haar daarom goed in jou op te neem!"

[9] Toe die ou **Markus** Jarah so hoor praat, sê hy, geheel vervul van `n hoëre besieling: "O kind uit die hemele, veels te goed en te suiwer vir hierdie bedorwe aarde! Waarlik, as die Meester my huis weer sal verlaat, kom ek na jou toe om hemelse Wysheid te leer! O, wat `n verskil tussen jou en my dogters! Jy is al `n son, en my dogters is nouliks `n weerkaatsing van die groot hemellig in `n baie klein doudruppeltjie! O Ebahl, hoe geseënd is jy tog om die vader van so `n engel te wees!"

[10] Daarby rol trane uit die geluksalige oë van die oue Markus, en hy gaan vinnig na die kombuis om na die aandete te kyk, en vertel aan sy dogters watter les hy van die meisie uit Genésaret gekry het. Die dogters is verbaas en vra hom of hy hul na die maaltyd geleentheid sou wil gee om `n bietjie met so `n hemelse kind te mag gesels.

[11] Daaroor was Markus baie bly en hy beloof hul om daarvoor te sorg, hulle moes egter voortgaan met die klaarmaak van die aandete. En **die dogters** sê: "Vader, binne `n kwartier is alles gereed!"

[12] Daarop gaan Markus die kombuis weer uit en gee die seuns opdrag om vars wyn en brood op die tafels van die huis te stel, en om ook daarvoor te sorg dat daar genoeg lig is. Op die tafels moet `n aantal goedgevulde lampe brand, en die ander ruimte van die hof moet gedurende die hele nag heeltemal verlig word met vissersfakkels! - Dit word alles gou gedoen en toe dit donker geword het, brand daar al op al die tafels `n aantal lampe, en die genoemde vissersfakkels verlig die taamlik uitgestrekte hof. Gou daarna word heerlik bereide voedsel op die tafels geplaas, soos goed voorbereide visse, brood, wyn en allerlei vrugte.

[13] Vóór die ete dra Jarah `n Psalm van Dawid voor en vra My daarna om die spys en drank te seën; en Ek doen dit, en ons gaan almal daarna aan die tafels sit, eet heel opgewek die voortgesette voedsel en word vrolik onder die matige genot van die wyn. Ek sit tussen Cyrenius en die lieflike Jarah; Cyrenius sit links van My en Jarah regs; naas Jarah sit haar Rafael en daarteenoor die oue Markus. Dit val op hoe Rafael die voedsel eet; want as Rafael `n vis of `n stuk brood, `n stuk vrugte of `n beker wyn na sy mond bring, verdwyn alles vóór sy mond, en Markus sien die jongman nóg kou, nóg die ete insluk.

[14] **Josoë**, die aangenome seun van Cyrenius, wat direk langs Cyrenius gesit het, merk die stille verwondering van die ou Markus en sê: "Ou krygsman Markus! Wat vind jy so mooi aan leraar Rafael dat jy jou oë haas nie van hom kan afwend nie?"

[15] **Die oue** sê: "Ja, verhewe seun van my meester en gebieder, dit is iets baie vreemds! Hierdie jongman bring spys en drank na sy mond, open sy mond nie, kou nie en sluk niks deur nie, maar die voedsel verdwyn voor sy mond! Hoe kan dit wees? Hoe gebeur dit? Dit is alweer `n wonderwerk! Watter betekenis moet ek daaraan heg?"